Pastorale bediening vir die Getuieniswerker in ‘n inter-kulturele en inter-godsdienstige konteks

deur

Quentin Groenewald

‘n Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike
voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister Divinitatis
aan die Universiteit van Stellenbosch

Studie leier: Ds. L.L.M. MacMaster
Stellenbosch

Desember 2007

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ’n graad voorgelê het nie.

Handtekening: ..... Datum: .....

Copyright © 2007 Stellenbosch University
All rights reserved

Opsomming

Getuieniswerk is seker van die mees sigbaarste dade wat die kerk opgeneem het en kan selfs gesien word as die faktor wat die kerk tot stand gebring het. Getuieniswerk is deur die eeue baie positief vir die kerk gewees maar egter ook negatief. Veral in die vroeg twintigste eeu het getuieniswek hewig onder die spervuur deur geloop.

Daar het deur die loop van die twintigste eeu ’n groot paradigma skuif plaas gevind. Getuieniswerk het ’n sterk pastorale karakter aangeneem, wat weer veroorsaak het dat pastorale sorg se karakter ook moet verander het.

Afrika sien ons as die mees diverse kontinent wat betref verskillende gelowe, tradisies en kulture. Hierdie diversiteit stel ’n groot uitdaging aan getuiniswerk en pastorale sorg

Abstract

Mission is probably one of the most visual acts which the church took upon herself and can even be seen as the factor which brought the church to being. Mission was through the ages very positive for the church but also very negative. Especially in the early twentieth century the church has undergone heavy confrontations.

Throughout the twentieth century a massive paradigm shift took place. Mission took on a strong pastoral character, which again let to a change in character for pastoral care.

Africa is seen as one of the most diverse continents regarding faiths, traditions and cultures. This diversity put a strong challenge on Mission and Pastoral care.

Inhoudsopgawe

Hoofstuk1 3

Inleiding tot die Navorsing 3

1.1 Inleiding 3

1.2 Probleemstelling 4

1.3 Hipotese 5

1.4 Metodologie 6

1.5 Moontlike waarde van Navorsing 7

1.6 Konstruktes 8

Hoofstuk 2 9

Afrika konteks 9

2.1 Inleiding 9

2.2 Definisies 9

2.3.1Kultuur 9

2.3.2 Gevolgtrekking 12

2.3.2 Afrika Teologie(swart teologie) 13

2.3.3 Tradisionele Godsdienste in Afrika 15

2.3.3.1 Afrika Onafhanklike Kerke 16

2.3.3.2 Voorvader kultus 16

2.4 Opsomming 18

Hoofstuk 3

3.1 Inleiding 19

3.2 Kort oorsig van die geskiedenis van Getuienis 19

3.3 Nuwe metode van getuienis 21

3.4 Inkulturasie **25**

3.5 Opsomming **26**

Hoofstuk 4 ..... **28**

Kern van Pastoraat **28**

4.1 Inleiding **28**

4.2 Algemene pastorale bediening **28**

4.3 Ander beradings benaderings **32**

4.4 Pastorale bediening as 'n Chritelike benadering **34**

4.5 Opsomming **35**

Hoofstuk 5 ..... **37**

Aspekte van Interkulturele en Intergodsdienstige Pastoraat **37**

5.1 Inleiding **37**

5.2 'n Skuif in die pastorale paradigma **37**

5.3 Simpatie vs. Empatie vs. Interpatie **39**

5.4 Menslike universaliteit **41**

5.5 Pastoraat en Spiritualiteit **42**

5.5.1 Holistiese Spiritualiteit **43**

5.6 Opsomming **44**

Hoofstuk 6 ..... **46**

6.1 Gevolgtrekking **46**

Bibliografie **49**

Hoofstuk1

Inleiding tot die Navorsing

Die navorsings tema is die volgende: *Pastorale bediening vir die Getuieniswerker*[1] *in 'n inter-kulturele en inter-godsdienstige konteks*. Die navorser gaan dus vir die doeleindes van hierdie voorstel sy motivering, probleemstelling, hipotese in die lig van hierdie tema bespreek.

1.1 Inleiding

Alhoewel sending nie meer so op die voorpunt is soos dit aan die begin van die 20 ste eeu was nie, kan ons nie wegbeweeg van die feit dat sending nog steeds nodig is en nog steeds gedoen word nie. Thomas(1999:103):"In 1952... Revolutionary world changes raised the question as to whether missions – in the traditional sense – were not already a thing of the past."; "There is no participation in Christ without participation in His mission to the world."[2] Wat Norman Thomas dus hier duidelik maak is dat alhoewel sending onder hewige veranderinge was, daar nie opgehou kan word om dit wel te doen nie. Dit is immers die Christelike opdrag wat ons ontvang het vanaf Jesus. Mt 28:19 " *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*."

Daar is Sendelinge, of vir die doeleindes van hierdie ondersoek Getuieniswerkers, wat getuieniswerk gaan doen in ander lande wat totaal

[1] Sien opskrif Konstruktes
[2] Word verder hierop uitgebrei in Hoofstuk 2: Nuwe metode van getuieniswerk

vreemd is vir hul waardes, norme, kultuur en selfs hul geloof[3]. Hierdie totale vreemdheid wat die getuieniswerker ervaar het ‘n impak op die manier hoe hy/sy pastorale bediening gaan toepas. Deur hierdie studie gaan die navorser kyk na ‘n pastorale model wat getuieniswerkers kan gebruik om binne daardie spesifieke konteks pastorale sorg te kan doen.

Thomas(1999:95): “Today, the classical methods of proclaiming Christ are no longer open or relevant and so we have to seek new methods and new frontiers of witness.” Deur hierdie stelling word daar gesê dat getuieniswerk ‘n nuwe metodologie benodig en dus moet pastorale bediening in die getuieniswerk konteks ook verander in die manier hoe dit gedoen word.

Hierdie navorsing gaan meer spesifiek gaan oor Getuieniswerkers in Afrika en die uitdagings wat aan hulle gestel word.

Afrika is een van die lande met die grootste diversiteit, wat verskillende kulture en godsdienste betref. Dit maak dus die uitdaging aan Getuieniswerkers groter.

1.2 Probleemstelling

“Pastoral ministry and the lives of pastors have undergone drastic changes in recent decades” (Waruta 2000:245).

[3] Geloof: Die voorveronderstelling hier is dat geloof hier verstaan moet word as die geloof waarin ‘n persoon glo bv. Christelike geloof, maar ook die geloof oortuigings en uitlewing van die spesifieke geloof.

Die kerke (die getuieniswerkers) was afhanklik van die groter “moeder” kerke in Europa en Noord Amerika. Hulle het dus die strukture en toepassings van die “moeder” kerke net so toegepas in die nuwe jong en ontwikkelende kerke in Afrika.

Die konteks van Afrika met haar verskillende kulture en godsdienste het in die afgelope paar jare ook kritiese vrae begin stel aan die tradisionele manier van getuieniswerk.

Pastorale sorg het ‘n toenemende en uiters belangrike rol begin speel in getuieniswerk. Getuieniswerk het ‘n dialoog begin word, ‘n wegbeweging van die tradisionele eenrigting diens na ‘n wedersydse getuienis tussen die “moeder” kerke(getuieniswerkers) en die mense na wie hulle gaan.

1.3 Hipotese

Ons sien nou dat getuieniswerkers gekonfronteer word met verskillende kulture en uit die aard van die saak verskillende godsdienste. Ons leef vandag nie in ‘n vakuum nie, maar elkeen van ons het ons eie kultuur en ons eie verstaan van jou eie spesifieke godsdiens. Wanneer daar dus pastoraat beoefen word oor die grense van kultuur en godsdiens beïnvloed dit nie net die pastorale bedienaar nie maar wel die persoon aan wie pastorale sorg bedien gaan word.

Dus is die navorser van mening dat die metode van pastoraat baie beïnvloed word deur hierdie ontmoeting van verskillende kulture en godsdienste.

Die navorser beoog om aan die einde van hierdie navorsing by ‘n holistiese uitkyk van sending te kom wat nodig is om te verstaan hoe om die mense, aan wie die getuieniswerker gestuur is, ook pastoraal te kan versorg in hierdie voorgestelde konteks en die grense wat dit oplewer te kan oorbrug. Die klem word dus op ‘n Interkulturele en Intergodsdienstige pastoraat geplaas, as ‘n model om hierdie uitdagings in die oë te staar.

1.4 Metodologie

Die navorser gaan hierdie navorsing vanuit twee rigtings benader met een as basis. Pastorale sorg sal die basis wees en missiologie sal betrek word om die uitdaging van getuieniswerk te kan verstaan.

Die rede hoekom pastorale sorg as basis gebruik word is om die versorging van die mens, spesifiek die siel[4], te verstaan en dus die impak van verskillende kulture en godsdienste op die siel. Die navorser gebruik die term “siel” omdat dit ‘n sentrale rol speel binne pastoraat en veral die konteks van Afrika en hoe die mense in Afrika die siel verstaan.

Die navorsing gaan hoofsaaklik ‘n literatuurstudie wees om pastoraat te verstaan en die problematiek van getuieniswerk te bespreek.

[4] Daar word verder op die betekenis van die siel uitgebrei in hoofstuk 4: Pastorale bediening as ‘n Christelike benadering

Die navorser gaan die twee aspekte, pastoraat en getuieniswerk, apart hou en na die volledige ondersoek en bespreking bymekaar bring. Die probleem hiermee is egter dat vakgebiede nie van mekaar geskei kan word nie a.g.v. die wedersydse invloed op mekaar, maar ter wille van logiese uiteensetting hou ek by die bogenoemde formaat.

1.5 Moontlike waarde van Navorsing

Hoofstuk 1: Inleidende hoofstuk, Tema, probleemstelling, hipotese en ontwerp.

Hoofstuk 2: Hierdie hoofstuk dien as inleiding vir die navorsing en skep die raam vir die res van die navorsing. Onder hierdie hoofstuk die konteks van Afrika kortliks geskets word.

Hoofstuk 3: Die geskiedenis van missiologie en die huidige uitdagings vir getuieniswerk(ers) word kortliks hier bespreek.

Hoofstuk 4: Hierdie hoofstuk bespreek hoekom die navorser die benadering van pastorale sorg bo ander terapeutiese modelle verkies en wat die unieke aard is van pastorale bediening.

Hoofstuk 5: Hierdie is die hoof fokus van die navorsing en dui spesifiek die elemente aan waarna gekyk moet word wanneer daar gekies word vir ‘n interkulturele pastorale model.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekkings

1.6 Konstruktes

Die woorde “sending” en “sendeling” het baie bagasie wat aankom vanuit die geskiedenis daarvan. Die hoofrede hiervoor is die feit dat sending op ‘n manier gedoen was wat nie in ooreenstemming met die Chrsitelike geloof was nie[5].

‘Getuienis (werk)’ en ‘getuieniswerker’ is van die nuwe woorde/konsepte wat gebruik word. Die navorser wil egter hou by ‘getuienis (werk)’ en ‘getuieniswerker’ omdat dit wil wegbeweeg van en nie veroorsaak dat daar vas gekyk word teen die verlede nie. Die konsep ‘getuienis’ het die gevaar dat dit net oor dade(dit wat fisies, materieel gedoen word vir mense) gaan waar sendingdade en verkondiging(die evangelie en betekenis daarvan) bevat. Die navorser is van opinie dat ons ‘n era bereik het waar daar nie so erg klem gelê moet word op al die bagasies van die geskiedenis nie maar aan beweeg word.

In die tema gebruik die navorser die konsep van ‘*inter’* om aan te dui dat dit wedersyds is en nie eenrigting aan dui nie. Daar sal later in die navorsing meer uitgebrei word op hierdie konsepte ‘interkultureel’ en ‘inter-godsdienstig’.

[5] In hoofstuk 2 word daar hierop uitgebrei.

Hoofstuk 2

Afrika konteks

2.1 Inleiding

Omdat die konteks waarin hierdie navorsing plaas vind ‘n konteks in Afrika weerspieël, het ons te doen met hoofsaaklik “nie-blanke” mense of altans afrikane[6]. Hulle kultuur en godsdienste veroorsaak dat hulle teologie anders sal wees as die “wit” getuieniswerker wat hulle pastoraal gaan bedien. Dus gaan die hoofstuk handel oor die groeiende, verspreidende Afrika teologie.

2.2 Definisies

2.3.1Kultuur

Om te praat oor kultuur en die invloed daarvan wil ek eerstens begin om Prof Denise Ackermann aan te haal: “Konteks laat ons kultuur verstaan”[7]. Konteks is dus die toerusting om ‘n begrip van kultuur te kry.

Kultuur word volgens Kinoti(1996:63) gedefinieer as die volgende, “Kultuur is die totaliteit van enige gegewe gemeenskap se manier van lewe. Dit kom ‘n persoon se totale sosiale afkoms tegemoet, insluitend taal, idees, gewoontes, geloof, ens”.

[6] Voort aan sal die woord afrikaan of afrikane gebruik word. Die woorde nie-blanke en wit kom vanuit die geskiedenis van sending en word hiervan wegbeweeg om los te kom van die die geskiedenis se foute.

[7] Proffesor Denise Ackermann het hierdie stelling tydens ‘n klas aanbieding, vir Mdiv studente aan die fakulteit Teologie Stellenbosch, gemaak.7 Junie 2007

Louw(1999:104) brei meer hierop uit wanneer hy kultuur soos volg definieer: “Onder kultuur word verstaan die eiesoortige denk-, ervarings- en handelingswêreld van mense binne ‘n bepaalde groep of groepe. Binne kultuur speel geografiese, etniese, ras- en taalfaktore beslis ‘n rol. Tog is kultuur ‘n breër term wat verwys na daardie simbole en rituele waarbinne die eiesoortige belewingswêreld van groepe van mense uitgedruk word en wat insig bied in die lewens- en wereldbeskouing van ‘n spesifieke sosiale konteks”.

Tanner(1997:25-29) het nege kenmerke waaronder kultuur verstaan kan word. Eerstens word kultuur verstaan as ‘n mens universeel. Kultuur is die definierings merk van menslike lewe. Alle(en slegs) mense het kultuur. Dit veronderstel dat as lewende spesie is die mens die enigste soort organisme wat kultuur het. Kultuur dui verder ook menslike diversiteit aan. Alle mense het kultuur maar hulle het nie almal dieselfde kultuur nie. Derdens verskil kultuur met sosiale groepe. ‘n Kultuur is die eienskap van ‘n sekere sosiale groep. Vierdens word kultuur dan opgeneem as hulle hele manier van lewe. Omdat kultuur groep-spesifiek is, word dit geassosieer met sosiale ooreenstemming. As die sesde punt word kultuur verstaan as die vorming van menslike natuur. Alhoewel kultuur ook menslike natuur vorm is kultuur ook gemaak deur die mens. Mense kan niks wees sonder kultur nie maar hulle is verantwoordelik vir dit wat kultuur word. Die agtste kenmerk is dat kultuur ook toevallig is, nie een spesifieke kultuur is verewig nie. Die laaste kenmerk is dat kuluur sosiale determinisme voorstel.

Shaw(2003:131-135) redeneer dat daar vier verskillende, oorkoepelende tipes kluture is:

- *Kinship societies:* Die klem val hier op groep oriëntasie en ooreenstemming wat interpersoonlike verhoudings weerspieël. Rituele speel ook ‘n groot rol om probleme op te los en ‘n religieuse spesialis help hulle om die rituele te doen. Hulle is ook nie baie evangelisties nie omdat hulle nie graag onderlangs met mekaar deel nie.

- Plattelandse gemeenskappe: Hier is die markplein, en die interaksie van mense sentraal tot die lewe. Hierdie groep is groter as net familie kringe. Mitologie hier gaan wyer as net die rasioneel van dit is hoe dinge moet wees en plaas die mens in verhouding met God en hoe God met die skepping werk. Getuienis werk onder hulle was groot maar hulle het nie self die taak opgeneem nie omdat God nie hulle God is nie en ook nie werklik sigbaar is nie. Daarom deel hulle dit nie.

- Industriële gemeenskappe: Groot besighede beheer die gemeenskappe omdat hulle die ekonomie oorheers. Hierdie tipe kultuur het onlangs eers begin groei in Afrika deur ander lande wat die bronne van Afrika lande kom heers. Hiermee word bedoel dat ander lande afrika lande se natuurlike bronne kom eis as hulle eie en die opbrengste daaruit nie terug ploeg in die land nie en so die ekonomie uitbyt. Die tydperk is direk gekoppel aan die opkoms van post-modernisme en globalisasie. God is meer persoonlik en daar is ‘n weg beweging van ‘n tradisionele verstaan van God en rituele.

- Postindustriële gemeenskappe: Hierdie kultuur word voorgestel deur globale renaissance van die kunste, die opkoms van vrye mark sosialisme en gefokus op menseregte. Bo-natuurlike magte word nie meer gemitologiseer nie, maar is werklik al kan dit nie verduidelik word nie.

2.3.2 Gevolgtrekking

Kultuur word dus gesien as iets wat kontekstueel- en tydgebonde is. Kultuur is die tipe van interaksie tussen mense in 'n spesifieke groep, dit behels dat kultuur op sosiale vlak funksioneer. Konteks en kultuur moet egter nie verwar word nie. Kultuur kan slegs plaasvind binne 'n spesifieke konteks. Byvoorbeeld Suid Afrika se konteks is die van 'n Derde Wêreld[8] land, met kleiner kontekste van armoede, geweld, ens. Maar binne hierdie konteks kom daar verskillende kulture na vore.

Afrika in die navorsing is dus die konteks, maar die rol van verskillende gelowe, tradisies en die impak van universele verskynsels soos pluralisme, globalisasie, post-modernisme op sosiale groepe vorm verskillende kulture.

Die omgekeerde kan dan ook gesê word. Mense is nie meganiese organismes nie maar reageer teenoor verskillende invloede van buite. Kultuur is dus nie net om saam met die bogenoemde faktore te gaan nie maar ook reaksie teen dit te bied.

[8] Suid-Afrika is nie uitsluitlik 'n Derde Wêreld land nie, maar het kenmerke van 'n Eerste Wêreld land. Afrika is egter nog sterk Derde Wêrelds of "onderontwikkel".

2.3.2 Afrika Teologie(swart teologie)

Om uiteindelik tot by ‘n pastorale model te kom is dit nodig om net ‘n vinnige oorsig te kry van swart teologie of altans afrika teologie en afrika spiritualiteit. Daar moet in gedagte gehou word, met verdere lees, dat daar ‘n verskil is tussen Afrika teologie en Swart teologie. Swart teologie het sy oorsprong in die Weste(Amerika) as ‘n alternatief vir Latyns-Amerikaners om nie uitgesluit te word uit die Christelike geloof wat dominerend “wit” was en die geloof baie eksklusief voorgestel en geleef het.

George Evers(In Erwin Fahlbusch,1999:31) noem die volgende kenmerke wat in gedagte gehou moet word wanneer daar van ‘n Afrika Teologie gepraat word: Eerstens kom daar hoofsaaklik drie hoofvorme van teologie voor nl. Mondelingse, simboliese en geskrewe teologie. Tweedens kry ons variasies nl. Die erkening van van tradisionele godsdienste en die verkondiging van die die evangelie in hulle; kritiese teologie wat die totaliteit van die sosiale, ekonomiese, en politiese realiteite van Afrika sien teen die agtergrond van die Christen openbaring; en swart teologie wat geinspireer is deur die ervarings van swart Noord Amerikaners wat veg teen verdrukking en rassisme.

Volgens George Evers(In Erwin Fahlbusch,1999:31) is een van die grootste vraagstukke vir ‘n Afrika teologie die van die Afrika identiteit. Hy maak verder die stelling dat in hierdie soeke na identiteit speel die idee van om ‘n Afrikaan of swart te wees ‘n uiters belangrike rol. Evers sê verder dat Afrika teoloë praat van hulle “antropologiese armoede”, die tekort aan erkenning van hulle

unieke humaniteit; en die verlies aan hulle taal, kultuur, en godsdienstige tradisies in die koloniale tydperk.

Waruta(2000:26-28) gaan verder hierop in en noem ‘n paar waardes wat suksesvol geïntegreer kan word in die Afrika aanwending van die Christelike boodskap:

Familie en gemeenskaplike gees. Verantwoordelikheid vir die ander se welstand, rituele wat verband hou met geboorte, inisiasie, puberteit, huwelik en begrafnis wat te doen het met die hele gemeenskap.

Gevoel van die Heiligheid. Plek van aanbidding word op ‘n nederige en ‘n opvallende houding genader in die teenwoordigheid van die Godheid.

Voorvaderskap. Christus word beskou as ‘n universele gees voorvader, “the great ancestor”

Afrika konsep van priesterskap. Vrou het hier ‘n groter rol en die priesters en priesteresse is gerespekteerde lede van die gemeenskap; hulle morele gedrag word nagestrewe.

Shorter(1987:103-107) noem ‘n paar karaktereienskappe van ‘n Afrika spiritualiteit en sal ons verder help om te kom by ‘n interkulturele en intergodsdienstige pastorale bedieninge:

- Geïnkarneer- Identiteit, waardes, kultuur en gewoontes word nie weggesteek nie. Dit het nou verbande met die Skrif omdat dit die inkarnasie proses van die Woord van God volg.
- Kosmiese of skeppings- Alles is heilig, almal betoon respek, die gawes is vir almal en niemand kan aanspraak daarop maak nie, die skepping word waardeer vir alles wat sy oplewer.

- Globaal- Niemand word uitgesluit nie, almal is welkom. Daar is ‘n belewenis van samehorigheid en niemand is ‘n vreemdeling nie. Storie-vertelling is ‘n groot deel om mekaar te leer ken en te verstaan.

“Afrian spirituality is spirit-inspired, life-centered, gospel-based, creation-celebrating, hope-oriented, people-affirming, joy-filled.”(Shorter:1987:108)

2.3.3 Tradisionele Godsdienste in Afrika

Soos in die begin van hierdie navorsing is daar reeds getoon dat Afrika oor ‘n wye verskeidenheid van godsdienste besit. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan daar net gekyk word na die Afrika Onafhanklike Kerke en na die voorvader kultus as voorbeeld van ‘n wereldbeskouing, wat omtrent universeel binne alle tradisionele godsdienste in Afrika voorkom, om sodoende te verstaan waarmee getuieniswerk (soos bogenoem) te doen kry in Afrika. Die rede hoekom die Afrika Onafhanklike kerk gebruik is om dat dit volgens Waruta(1990:37) die “best example of the dynamism of African spirituality” is.

2.3.3.1 Afrika Onafhanklike Kerke

Waruta maak die feit dat hierdie kerke word gekenmerk as die kerke wat histories weggebreek het van die sending kerke of vorige onafhankilkes(In Mugambi & Magesa,1990:37). Waruta(In Mugambi & Magesa,1990:37) sê dat die algemene rede hiervoor kan geassosieer word met die Afrika gees van kulturele handhawing en ‘n verwerping van buitelandse aanvalle of dominering van die Afrika mense en hulle kultuur. Hy gaan verder deur die punt te maak dat hierdie kerke verder gekenmerk word deur hulle kreatiewe vermenging van die Afrika waardes en kulturele norme met die Christen leerstellings. Nthamburi(In Mugambi & Magesa,1990:43) sê dit behels dat hulle die Afrika godsdienstige etos soos geloofsheling, spontaniteit in aanbidding, vryheid van uitdrukking in die kerk en die kontroversiele houding van veneration van voorvaders geïnkorporeer het.

2.3.3.2 Voorvader kultus

‘n Belangrike element van die Christelike geloof is aanbidding, maar by die voorvader kultus vind dit nie op dieselfde manier plaas nie. Aanbidding vind eerder plaas om die voorvaders te eer in elke goeie daad wat ‘n persoon in sy daaglikse lewe doen. Gemeenskap met die voorvaders het beide ‘n eskatologiese en verlossende dimensie. Die dooies kan slegs gelukkig wees wanneer hulle voort lewe in die herinneringe van die lewendes, en die lewendes het geen hoop om te oorleef indien hulle nie eer betoon aan die dooies nie. Hierdie idee van gemeenskap met die dooies is sentraal tot die wêreld beeld van die mense van Afrika(Bujo,1992:23-25).

God is egter nie heeltemal afwesig in die morele denke van die Afrikaan nie. Daar is in sommige gevalle gebede wat direk aan God gemaak word, maar die intensies is vir menslike welvaart en nie ‘n persoonlike verhouding met God nie. Verder word die naam van God ook ingesluit by persoonlike name, baie van hulle name bevat God se naam. Maar dit vind in uitsonderlike gevalle plaas omdat name ‘n heilige karakter besit en om iemand op sy naam te roep sonder goeie rede is om hom/haar te onteer. Dus verstaan hulle ook hoekom die Joodse-christelike wet dit verbied om God se naam nietig te gebruik (Bujo,1992:33-34).

‘n Groot deel van Afrika morialiteit is die van pligte wat vir die Afrikaan verwys na die gemeenskaplike verpligtinge van menslike persone. Die fokus van Afrika geloof is lewe, daarom word moord beskou as een van die ergste misdade. Omdat die fokus op die voortbestaan van die groep is, is moord binne die groep uiters afgunstig. Maar wanneer ‘n persoon die groep se voortbestaan in gedrang bring is een van die uitkomste om die persoon uit die groep uit te verwyder, wat in die meeste gevalle die dood beteken.

In die veld van seksualiteit is dit om te voorsien aan die stam se voortbestaan. Vir baie Afrikane is kindloosheid en selibaatskap ‘n misdaad teen die mensdom en vind ons die probleem van rang, huwelike en poligamie.

2.4 Opsomming

Kultuur in die hoofstuk lig dus vir ons die problematiek uit vir ‘n interkulturele en intergodsienstige pastoraat. Die probleem wat die navorser op die voor grond stel is die kulturele dialoog binne pastoraat tussen ‘n post-apartheid en post-koloniale wit kultuur en ‘n eens onderdrukte, nou bevrydende afrika kultuur. Hierby is die tradisionele(gereformeerde, katolieke, ens) Christelike geloof en die interaksie met die afrika godsdienste ingesluit. Baie van die afrika godsdienste blyk asof dit direk in teenstand is met die christelike geloof en tradisie. Maar daar is egter Afrikane wat die Christelike geloof aanhang maar hul rituele en tradisies bly belangrik.

Die vraag wat dan onstaan is hoe kom hierdie verskille in godsdienste bymekaar. Dit kan gedoen word deur wat Tinyiko Sam Maluleke(In Ernst M. Conradie,2004:185) ‘n vergelykende benadering noem. Alhoewel daar baie misbruik gemaak was hiervan soos hy uitlig is dit tog ‘n goeie vertrekpunt. Om nie vas te kyk in al die verskille in etiese en morele diskoerse nie maar om die basiese aanknopings punte wat ooreenstem te gebruik[9].

[9] Die metode om ooreenkomstige punte te gebruik word later ook duidelik gemaak wanneer daar gekyk word na interkulturele pastoraat in Afrika konteks

Hoofstuk 3

Geskiedenis en invloed van Sending

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk handel kortliks oor die geskiedenis van getuienis werk en die verwikkelinge wat binne die "sending wetenskap"[10] of tans "Missiologie" plaasgevind het. Die navorser probeer hierdeur 'n prentjie skep om te wys hoe getuieniswerk verander het oor die jare en die nuwe uitdagings wat getuieniswerkers in die oog staar.

3.2 Kort oorsig van die geskiedenis van Getuienis

Die woord "getuienis" het 'n wye spektrum van betekenisse. Bosch(2005:1) noem die volgende betekenisse wanneer daar gepraat word van getuienis in die laat 19de eeu en vroeg 20ste eeu:

a) Die stuur van getuieniswerker(s) na 'n spesifieke gebied,

b) die aktiwiteite wat opgeneem word deur die getuieniswerker(s),

c) die geografiese area waar die getuienis(se) aktief was,

d) die agentskap wat die getuienis(se) uitgestuur het,

e) die nie-Christelike wêreld of die "getuienisveld",

f) die sentrum waarvan die getuieniswerker(s) vanaf gewerk het.

Dit is egter nie net betekenisse nie, dit is ook die metode wat gevolg was om getuieniswerk te doen. In die boek *Readings in World Mission* van Norman

[10] Sending wetenskap is die akademiese sy van getuienis. Dit behels dat daar nie net 'n verandering in die praktyk plaas gevind het nie maar ook die manier hoe daar akademies met getuienis omgegaan word. Akademie en prakties binne die getuienisveld het gelyktydig en geintegreerd plaasgevind.

Thomas(1999) vind ons die volgende opskrifte vir gedeeltes wat handel oor spesifieke getuienis gebeurtenisse in die geskiedenis: *"civilizing and christianizing, land to be posessed, mission and colonialism, plant churches"*.

Dit gee vir ons die perspektief waarmee getuienis gedoen was in die 19de en vroeg 20ste eeu. Stamme was Engels, ook Spaans, Frans en Portugees, geleer om hulle sodoende "beskaafd" te maak en christelik in geloof. Die Afrikaan was in hierdie tydperk as 'n baie lae idee van 'n mens beskou en in baie gevalle selfs as diere beskou. Robert Bolt in sy boek *The Mission* skep ook hierdie gedagte wanneer hy skryf oor die Spanjaarde se siening van die Amerikaanse inboorlinge in Noord Amerika tydens die slawe handel tydperk; "...I'll just describe the barbarity that produced that little angel"; " ...it's one of the untamed ones from above the falls, ... before we arrived and brought the twin blessings of religion and trade here" en " if what we heard just now was not an animal with a human voice, then it was something lower. It was a human with animal vices!"(1986:222)[11]. Hierdie uitbeelding daarvan het veral voorgekom in die groot slawerny bedryf van die spesifieke tydperk. Die land het ook aan die kerk behoort(die kerk se eiendom) en dus die kerk sin om te eis. Christenskap en handel het hand-aan-hand gegaan, hoe wyer Christenskap versprei het hoe beter was dit vir handel. Kerkplanting het lande die kans gegee om hierdie handel lewendig te hou.

[11] *The Mission* is die verhaal van: "Rodrigo Mendoza,a cool, callous soldier of fortune and slave-trader who, in the heat of the moment, murders his own brother. In his anguish he turns to God and becomes a lay brother at a Jesuit mission deep in the heart of the jungle, just as the conflict between church and State is escalating. The mission is threatened with closure and Mendoza is faced with an agonizing choice: to obey the papal edict and abandon the native Indians to the jungle and the slave-traders, or to fight …"

Die navorser probeer hierdeur sê dat getuienis in hierdie tydperk eenrigting was. Getuieniswerkers het na lande en gebiede gegaan met die betekenis en metode wat hierbo genoem is. Dit het gemaak dat die mense, verwysing na hul konteks, kultuur tradisie en geloof, na wie toe die getuieniswerkers gegaan het nie in ag geneem is nie.

Bosch(2005:6) verwys na Lahrs Dahle se voorspelling dat teen 1990 die hele mensdom net Christene gaan wees. Dit was gemeet aan die tempo waar teen nie-christene bekeer was. Dit is tans die jaar 2007 en alhoewel Christenskap een van die grootste gelowe is(m.b.t. getalle en verspreidenheid) is die hele mensdom nie Christene nie.

Daar moes dus iets gebeur het in die geskiedenis wat hierdie voorspelling van Lahrs Dahle in die wiele gery het. Die navorser het die vermoede dat die metode van getuienis ernstig ondersoek was en daar ‘n “aanval” op die tradisionele metode was.

3.3 Nuwe metode van getuienis

Die navorser het die vorige afdeling afgesluit met ‘n vermoede dat die metode van getuieniswerk drasties verander het. Bosch(2005:6) ondersteun hierdie vermoede wanneer hy Max Warren, Algemene Sekretaris van die Church Mission society in Groot Brittanje aanhaal, wat verwys na die uitdrukking “a terrible failure of nerve about the missionary enterprise”. Dit het daartoe gelei dat daar amper ‘n geheel verlamming en totale onttrekking was van enige akitiwiteite tradisioneel geassosieer met getuieniswerk. Daar is egter nog

kringe wat hou by hierdie eenrigting getuieniswerk. Soos Bosch(2005:7) dit stel:

> *"It is 'business as usual' as regards the continuation of one way traffic from West to the Third World and the proclamation of a gospel which appears to have little interest in the conditions in which people find themselves".*

"Mission as the Church-with-the-others"(1), "Mission as *Missio Dei*"(2), "Misson as Mediating Salvation"(3), "Mission as the Quest for Justice"(4), "Mission as Evangelization"(5), "Mission as Contextualization"(6), "Mission as Liberation"(7), "Mission as Inculturation"(8), "Mission as Common Witness"(9), "Mission as ministry by the Whole People of God"(10), "Mission as Interfaith Witness"(11), "Mission as Theoloy"(12), "Mission as Action in Hope"(13) is van die elemente wat David Bosch gebruik in *Transforming Mission* om te praat van 'n "Emerging Ecumenical Missionary Paradigm", hierdie element word ook net so gebruik deur Norman Thomas in *Readings in World Mission*.

Die navorser gebruik ook hierdie elemente om kortliks te bespreek hoe getuieniswerk op die huidige oomblik benader word. Daar gaan net kortliks na van die elemente gekyk word wat vir die doeleindes van die navorsing is.

1. "Mission as the Church-with-Others"- dit beteken dat die kerk 'n uigebreide familie moet wees, waar verantwoordelikheid vir die ander nie gebaseer is op welvaart of geslote familie bande nie, maar eerder gebaseer is op eenheid in die "groot familie". Die kerk as die "groot familie" moet 'n

omgee gemeenskap wees binne die stamgroep. Verder moet dit ‘n “oop ekklesiologie” wees waarin die kerk buite die gemeente mure beweeg in nuwe en kreatiewe bedieninge. Die kerk moet ook self-lediging, lewe vir die ander, Christus-gedrag weerspieël as die kerk in getuienis haarself wil leeg maak van trots, mag en voorreg (Thomas,1999:82).

Thomas(1999:87) maak die volgende stelling om aan te dui wat die toekoms is vir die kerk in die wêreld:

> *“The church is the church only when it exists for others. To make a start, it should give away all its property to those in need. The clergy must live solely on the free-will offerings of their congregations, or possilby engage in some secular calling. The church must share in the secular problems of ordinary human life, not dominating, but helping and serving.”*

2. Getuieniswerk is heel eerstens die werk van God en nie die werk van die kerk nie. Thomas(1999:103) noem dat God sy seun, Jesus Christus, gestuur het om uit te soek, by mekaar te maak en te transformeer, almal (persone) wat vervreemd is van God en hulle medemense deur sonde. Dit is en was nog altyd die wil van God. Dit was beliggaam in Christus en sal voltooi word in Christus. God het ook die Heilige Gees gestuur en sodoende ervaar die kerk God se aktiewe liefde en is verseker dat God sal voltooi wat Hy begin het deur sy Seun te gestuur het. Ons sien dus dat getuienis werk handel oor die drie-enige God, anders gestel dit is die werk van die drie-enige God.

3. As ons sê dat getuieniswerk die werk van die drie-enige God is kan ons nie anders as om te sê dat God se liefde vir die mens daardeur weerspieël word nie. Hierdie liefde kom in die vorm van verlossing voor en is ook die hoof boodskap van die evangelie. Verlossing is egter nie vreemd aan Afrika nie, Thomas(1999:134) dui aan dat Christenskap nie die konsep van verlossing bekend gestel het as iets totaal nuut, behalwe in sover as verlossing bemiddel is in en deur Christus. Afrika verlossing gaan nie oor die grense van die "hiernamaals" nie[12].

4. Evangelisasie[13] moet holisties wees, dit beteken: die aankondiging van die totale reddingsboodskap van Jesus Christus; die veroordeling van alle afgode of magte wat teenoor God se doel vir mensdom staan; die deelneem in die styd vir 'n meer regverdige en menslike gemeenskap, geinspireerd deur die liefde van Christus.

5. Kontekstualisering is 'n nuwe element wat ontwikkel het in getuienis werk. Dit is 'n radikale skuif vanaf die eerste getuienis togte wat nie die konteks van die getuienis gebied in ag geneem het nie. Afrika kultuur word nie meer gesien as 'n produk van demoniese magte of selfs natuurlike magte nie. God is orals betrokke in die wêreld selfs daar waar "Westerse Christenskap" nie gedink het God was nie. Thomas(1999:183) maak duidelik dat kontekstuele teologie missiologies is:

> "Contextual theology is a theology which in clarifying faith is very sensitive to the situation of the people to whom the faith is addressed.

[12] Word verder hierop gebrei onder die opskrif Voorvadergeeste
[13] Soos gebruik deur Norman Thomas

> It is not content with an abstract and intellectually satisfying systematic presentation of the faith. Rather its aims are primarily to bring the Gospel as a truly Good News to the people in their concrete situation. In a sense it is not a perennial theology addressed to all peoples, in all situations and for all time. Rather it is faith presented to a particular peoples, living in a concrete situation, at a particular time. This perhaps makes contextual theology more missiological than conventional theology…"

3.4 Inkulturasie

Inkulturasie is een van die elemente wat die navorser beskou wat die meeste invloed het op 'n getuieniswerker se lewe. Eerstens is dit waar die grense getrek moet word vir aanpassing en akkommodasie, waaronder wat moreel goed of sleg is, vrae rondom tradisionele gelowe val. Van die grootste morele struikelblokke in Afrika tradisies is poligamie, die plek van die vrou en dan ook die groot verskeidenheid gelowe, wat toordery en afgodery te weeg bring. Die basiese manier hoe inkulturasie gedoen word is om in die gemeenskap te wees, dit beteken om op 'n begryplikerwyse en medelydend in die lewe van die ander te wees.

Van uit 'n ander oogpunt kan gese word dat die ideaal wat bereik moet word, wat sielkundiges noem empatie, met die mense vir wie ons wil help. Empatie is gedeeltelike identifikasie met die ander waarin jy die ander se oogpunt sien en voel, maar ter selfde tyd jou eie identiteit behou(Thomas,1999:209-211).

Inkulturasie is egter beperk en nie sonder foute nie. In die geskiedenis van getuieniswerk was inkulturasie gewoonlike in die weste so “suksesvol” dat Christenskap niks anders geword het as ‘n religieuse dimensie van kultuur. Die weste het gewoonlik die evangelie mak gemaak in sy eie kultuur terwyl dit onnodiglik vreemd gemaak is aan ander kulture. In ‘n werklike sin is die evangelie eintlik vreemd aan alle kulture(Bosch, 2005:455).

Bosch(2005:455) haal vir Walls aan wat basies twee beginsels noem wat hier te werk gaan. Aan die een kant is daar die “indigenizing” beginsel wat saam stem dat die evangelie tuis is in elke kultuur en elke kultuur is tuis met die evangelie. Maar dan is daar die “pelgrim” beginsel wat ons waarsku dat die evangelie ons buite stap sal plaas met die gemeenskap.

Baie kulture skep ook die idee dat daar baie teologieë is en dat hierdie teologieë ook ‘n invloed het op mekaar soos die kulture ‘n invloed het op mekaar. Hulle het mekaar nodig, hulle beïnvloed, daag uit, verryk en versterk mekaar. Ons het dus nie te doen met inkulturasie nie, maar eerder met interkulturasie.

3.5 Opsomming

In hierdie hoofstuk was daar kortliks gekyk na die geskiedenis van getuieniswerk veral in die Afrika lande. Daar is gekyk na hoe getuieniswerk groot skade aangerig het aan Christenskap en hoe die mense van Afrika Christenskap verstaan het. Die navorser het toe aangedui hoe getuieniswerk op die oomblik aangepak (moet) word.

Hierdie nuwe metode van getuieniswerk het dan ook verskillende uitdagings aan die getuieniswerker na vore gebring. Hierdie uitdagings vind grootliks plaas op die gebiede van interkulturasie, kontekstualisering en dan ook die intergodsdienstige verhoudings tussen die getuieniswerker en die mense na wie die getuieniswerker uitgestuur.

Hierdie interkulturasie wat die getuienis beweging na vore gebring het is ‘n poging om die mens binne sy/haar kultuur, tradisie en wêreldbeskouing te aanvaar en op daardie persoon se vlak te kommunikeer.

Hoofstuk 4

Kern van Pastoraat

4.1 Inleiding

Die navorser gaan in hierdie hoofstuk basies bespreek wat pastorale sorg is en hoekom dit nodig is. Om dit te kan doen moet daar ook die ooreekomste aangedui word van ander beradings tegnieke. Die doel hiermee is om ‘n begrip te kry van hoekom pastorale sorg in hierdie spesifieke gegewe konteks so van waarde is.

4.2 Algemene pastorale bediening

Mense lewe in verhoudingsnetwerke wat beteken dat ons nie in onsself en by onsself lewe nie, maar in ‘n wereld lewe waar daar konstant ander mense saam met ons lewe. Dit beteken dat jou eie lewe ander mense se lewens beïnvloed en dus hulle lewens ook jou eie beïnvloed.

Deur hierdie feit dat mense mekaar beïnvloed kan daar afgelei word dat mense mekaar ook nodig het om te kan groei. Hierdie groei vind plaas op verskillende maniere en een van die maniere is op ‘n pastorale vlak. Vanuit ‘n Bybelse perspektief vind ons dat die skrywer van Spreuke hierdie beginsel ook ingedagte gehad het deur die volgende te se:

> “S*onder oorwoë leiding val ‘n volk; die redding lê in baie raadgewers”.*
> (Spr. 11:14)

Waruta (2000:1) noem die volgende vlakke waar mense leiding verkry vanaf ander mense:

- Die fisiese, emosionele en spirituele versorging by ons ouers en voogde toe ons nog klein en hulpelose babas was.
- Die vroeë kinderjare, vriende saam met wie ons groot geword en die vreugde en verstrasies geleer het van groot word.
- Die wipplank adolosent stadium in ons lewens toe ons kapasiteit om met ander mense te vereenselwig nie net belangrik geword het nie, maar ook die bron van angs geword het soos ons probeer om onsself te verstaan en ons identiteit te formuleer.
- Die styd om ons eie plek te vind en te oorleef in ‘n kompitereende en soms gevaarlike wêreld van jong volwassenes
- Die opgewondenheid en krisis om ‘n familie te begin en te onderhou in ons volwasse jare.
- Die krisis om doel en betekenis te vind vir ons lewe in die middel jare.
- Die ondersteuning van familie en gemeenskap soos die dag om die lewe vaarwel te sê nader kom.

Vir al die bogenoemde invloede sien ons hoekom pastorale sorg nodig is. Maar eerstens het ons ‘n definisie van pastorale sorg nodig om ons in staat te stel om ‘n basise begrip van pastorale sorg te kan hê. Hierdie is egter nie so maklik gedoen as gesê nie. Daar is deur die jare en studie van pastoraat baie verskillende definisies gegee wat elkeen op sy beurt ‘n eie belangrike fokus gee.

Lartey (1997:1) gee die volgende definisie: "Pastoral Care consits of helping acts done by representative Christian persons, directed toward the healing, sustaining, guiding and reconciling of troubled persons, whose troubles arise in the context of ultimate meanings and concerns."

Hierdie definisie demonstreer die belangrike invloed van sosiale en historiese plasing en bring vier aspekte na vore: dit word geidentifiseer met hulpverlenende dade, handhaaf van verteenwoordigende Christen persone, dit het te doen met gestuurde persone, en die konteks van die probleme is "ultimate meanings and concerns" (Lartey,1997:2).

Augsburger(1986:15) bied in aansluiting met Lartey se vier aspekte die volgende definisie: " Pastoral counseling is a liberating and healing ministry of the faith community that is based on a relationship between a pastor with counseling skills and a family or person who come together to engage in conversation and interaction. The relationship is a dynamic process of caring and exploration, with a definite structure and mutually contracted goals, and occurs within the tradition, beliefs, and resources of the faith community that surrounds and supports them."

In Lartey(2003:26-31) se 2de uitgawe van *In Living Color* bespreek hy 5 kriteria waaraan 'n definisie van pastoraat moet voldoen.

1) Pastorale sorg is 'n uitdrukking van "human concern through activities". Die kern hiervan is die " ..heartfelt desire for humanity to be truly and fully human...the total well-being of the whole person."

2) Pastoralesorgers herken transendensie. “The content of transcendence for many people is shaped by the formulations of the particular religious traditions in which they have been socialized.” Wat Lartey hierdeur sê is dat binne verskillende tradisies en godsdienste is daar verskillende vorm van “openbaringe”. Dit word gewoontlik gekoppel aan die geloofs verteenwoordiger. Maar pastorale sorg word nie uitsonderlik van hulle ontvang nie. Lartey is verder van mening dat van die mees sinvolste pastorale bediening van die minder selfsprekende persone gekom het. Daarom sê hy die volgende: “It is crucial that we study the *pastoring function* and not simply the official pastoring functionaries.”
3) Pastorale sorg behels multivariante vorme van kommunikasie. Verbale kommunikasie is baie belangrik om informasie weer te gee maar onlangs het nie-verbale kommunikasie meer die lig begin sien en die belagrikheid daarvan is op dieselfde vlak as verbale kommunikasie geplaas.
4) Die motief is Liefde. Liefde is die hart van die evangelie en ook die middelpunt van ons heelal. Dit is wat maak dat mense in verhouding met mekaar tree en vir mekaar sorg.
5) Pastorale sorg poog vir voorkoming en bevordering. Baie “westerse” literatuur oor pastorale sorg gaan oor *verligting.* Ons sien hiermee ook die geskiedenis van getuiens deur syfer, waar dit gegaan het omtrent die verligting van omstandighede. Tans is dit ook sigbaar in Afrika lande waar hongersnood en armoede hoog is en *eerste wêreld lande* verligting voorraad inbring.

Alhoewel dit nie afgeskiet word nie omdat dit tog noodsaaklik is vir wanneer daar klaar trauma is, wil Lartey dit duidelik maak dat

voorbereiding vir situasies nodig is sodat die persoon gereed en volwasse is om ‘n situasie te hanteer. Daar is ook ‘n gesegde wat die standpunt versterk: “Voorkoming is baie keer beter as genesing”

Lartey(2003:30) gee dan die volgende definisie, waarop die navorser gaan voortbou: “Pastoral care consists of helping activities, participated in by people who recognise a transcendent dimension to human life, which, by the use of verbal or non-verbal, direct or indirect, literal or symbolic modes of communication, aim at preventing, relieving or facilitaiting persons coping with anxieties. Pastoral care seeks to foster people’s growth as full human beings together with the development of ecologically and sosio-politically holistic communities in which all persons may live human lives.

4.3 Ander beradings benaderings

Ons sien dat pastorale sorg van uit ‘n Christelike oogpunt gedoen word, maar die onstaan daarvan kom uit nie-christelike benaderings. Voorbeelde hiervan en wat ook baie invloed het is Psigoanalise of Ego-sielkunde wat ontwikkel is vanuit die studies van Sigmund Freud.

Volgens Hesselgrave(1984:65) is hierdie benadering gebou op die instinkte van die mens. Daar is verder drie dele van die menslike persoonlikheid: die id, die ego en die superego. ‘n Persoon se toestand van geestelike gesondheid word bepaal deur hom/haar se vaardigheid om die behoeftes van hierdie drie aspekte van hom/haar se geloof te integreer.

Hierdie teorie is verder gebaseer op die menslike denke wat ‘n komplekse kapasiteit besit om pynlike ervarings te onderdruk in die onderbewussyn. Die hoofbydra van Psigoanalise is die belangrikheid om die menslike persoonlikheid te verstaan en hoe om mense te help om ‘n gesonde lewe te onderhou(Waruta,2000:3).

Die ander groot benadering is dié van gedrag sielkunde. Die groot bydrae wat dit gelewer het is die beklemtoning dat alle gedrag gelewer word deur lewende organismes vanuit hulle omgewing, kontakte en kan verander word deur berekende versterking (Waruta,2000:3). Hesselgarve (1984:71) verwoord dit soos volg: “...maladaptive behavior cab be corrected systematically by applying principles of learning. Behavioral change will result in appropriate changes in attitudes and feelings.”

Die derde benadering word eksistensiële-analise genoem. Dit gaan hier oor om as wese bewus te wees van jouself om dus as mens te bestaan. Hesselgrave(1984:67) stel dit soos volg: “Awarness of being is held to be the essence of human existence. To be human is to be a ‘being-in-the-world’ and to be open to world-disclosing relationships. The readiness to accept all that is and can be is to be free as a human being.” Ons vind hierdie gedagte alreeds by René Decartes wat gesê het: “I think, Therefore I am”. Dit word egter verder gevat en veral in die konteks van Afrika vind ons die term *Ubuntu,* wat beteken *Ek is deur Ander.*

4.4 Pastorale bediening as ‘n Chritelike benadering

Pastorale sorg gebruik baie ooreenkomste vanuit die bogenoemde benaderings, maar word vanuit ‘n bybelse oogpunt gehandhaaf. Gebaseer op die geloof in God en spirituele dimensie van menslike bestaan, kritiseer en korrigeer, transendeer en voltooi pastorale sorg die tekortkominge van die bogenoemdes(Kiriswa, 2002:5-6).

Wat is die grondbeginsel dan van pastorale bedieninge as dit dan die sekulêre benaderings, kritiseer en korrigeer, transendeer en voltooi?

Aan die begin van hierdie hoofstuk het die navorser reeds daarop gedui dat mense in verhoudingsnetwerke leef. Die christelike boodskap hier agter is dat elkeen van ons deel is van ‘n gemeenskap wat vir mekaar moet omgee en versorg. Dit word gedoen op allerhande vlakke maar die fokus van pastoraat is op die siel, *Cura Animarum.* Louw(2005:9) maak die stelling dat *cura animarum* “ te doen het met daardie poging van onder andere die Christelike geloof om mense wat stukkend is, siele wat gekneus en broos is, weer heel te maak en te troos.”

Louw(2005:9) trek dan ‘n baie interessante verband tussen “heling” en “heil”. Heling sê hy bring na genesing, verandering, groei en volwassenheid as vorm van gesondheid waarin die sin van die lewe gevind word na vore. Heil aan die ander kant verwys na die Christelike verstaan van verlossing, vrede met God en vrede met ander mense; na versoening en vergifnis.

Ons sien dus alreeds ‘n radikale verskil in benadering tussen die meer sekulêre benaderings en pastorale sorg. “ it is larger and deeper than physical or mental health or social rehabilitation. It seeks beside these the reconciliation of individuals to God, to each other, and to life, which not only establishes the individual in peace and lays the foundation for abiding joy, but releases within the soul such faith, hope and love as enable it to meet all demands with equanimity and resources.”(White,1976:2)

White(1976:3) sê verder dat dit oor God se mag gaan om ‘n persoon heel te maak, nie om ‘n persoon aan te moedig om hom/haarself “reg te ruk” nie, maar om hom/haarself oor te gee aan Hom wat mense gemaak het.

Die God van die Christelike geloof is altyd in beheer en het altyd mag, daarom kan veronderstel word dat die heelal nie ‘n ongeluk is nie maar ‘n doelgerigte produk van ‘n bewustelike, doelgerigte en persoonlike skepper wat dit geskep het en aanhou, onderhou en bestuur tot ‘n defnitiewe bestemming. Dus veronderstel pastorale sorg ‘n teologiese antropologie wat die heiligheid van menslike lewe opneem as vergunning (Waruta,2000:5-6).

4.5 Opsomming

Hierdie hoofstuk het om die vraag wat pastorale bediening is en die uniekheid daarvan gewerk. Die navorser het aangedui dat pastorale bediening baie anders is as enige ander terapeutiese metode omdat dit vanuit ‘n Christelike geloofsperspektief benader word. God is hier die fokus en daar word gekyk na die mens as totale wese. Dit beteken dat gesondheid in pastoraat gemik is

op die gesondheid van die siel. Hierdie gesondheid word bepaal deur die toestand van verhoudingsnetwerke. Hierdie verhoudingsnetwerke kom voor tussen mens en natuur; mens en mens en mens en God. Wanneer van hierdie netwerke versteur word is daar ‘n wanbalans en pastoraat dien as metode om hierdie wanbalans te herstel.

Hoofstuk 5

Aspekte van Interkulturele en Intergodsdienstige Pastoraat

5.1 Inleiding

"Getuienis gaan nie net oor om die evangelie te verkondig en om op materiele vlak te help waar hulle kan nie, maar pastorale sorg ook deel te maak van hierdie getuieniswerk."

Die navorser het hierdie stelling vroeer gemaak om die belangrikheid van pastorale sorg aan te dui. Bosch(1999:512) ondersteun hierdie standpunt wanneer hy die volgende stelling maak:

"Mission is multifaceted ministry, in respect of witness, service, justice, healing, reconciliation, liberation, peace, evangelism, fellowship, church planting, contextualization, and much more."

Ons sien dat in hierdie uiteensetting, van wat getuienis als kan behels, ook begrippe wat voorkom wanneer daar oor pastoraat na gedink word- genesing, versoening, gemeenskap, ens.

5.2 'n Skuif in die pastorale paradigma

Pastoraat binne die Afrika konteks moet gesien word as 'n sosiale en gemeenskapsaangeleentheid. Dit sal gevolglik die aksent verskuif weg van

formele berading binne ‘n spreekkamer, na meer informele berading binne die bestaande netwerke van sosiale verhoudinge (Louw,1999:106).

Omdat die netwerkverhoudinge so belangrik is in ‘n Afrika konteks vind herstel en genesing net plaas binne hierdie verhoudingsnetwerke. Louw(1999:107) maak dit soos volg duidelik: “Geestesgesondheid binne ‘n Afrikakonteks hang af van die aard en graad van harmonie en balans tussen individue en hul omgewing, binne ‘n netwerk van sosiale en medemenslike verhoudinge.”

Die navorser het reeds vroeër in hierdie navorsing aangedui dat die spirituele dimensie ‘n baie belangrike rol speel in die Afrika konteks. Daarom wanneer daar ‘n herstel proses gevolg word, het die spirituele wêreld ook ‘n groot betrokkenheid en moet daar goddelike genesers dikwels ingeroep word. Heling kan eers werklik plaasvind wanneer kontak met die geesteswêreld gewysig of herstel is(Louw,1999:107).

Woede, suspisie, haat, agressie en weerwraak is tipiese simptome wat getoon word deur mense in ‘n Afrika konteks wat ‘n krisis tyd beleef(Louw,1999:108). Vergelding speel dus ‘n belangrike rol op pastorale vlak. Die navorser het reeds onder die opskrif *Voorvaderkultus* bespreek hoe hierdie dinamika van vergelding in die sosiale konteks van die Afrikaan werk.

Louw(1999:108-109) bespreek die volgende lewensingesteldhede vir ‘n pastorale ontmoeting in hierdie Afrika konteks soos volg:

- Outoritêre benadering en meederwaardige houding moet vermy word. Dit moet nie superieur bo die van die Afrikaan beskou word nie om sodoende hooghartigheid te vermy wat afstand veroorsaak en wantroue verskerp.
- Die vraag wat na vore kom is “wat?” en verwys na die mistieke en spirituele dimensie.
- Die mens is ‘n eenheidswese en is saamgestel uit ‘n verskeidenheid van dinamiese kragte.
- Die motief faktor is ‘n belangrike benadering omdat suspisie so ‘n groot rol speel in die wêreldorde.
- Kompensasie is belangrik vir die herstel van verhoudinge en die versoening in Christus kan hier aangewend word om wraak te vermy.
- Die inwerkende krag en die invloed van die opgestane Christus moet beklemtoon word vir die vitaliteit van menswees.
- Rituele speel ook tradisioneel ‘n rol in herstel en die Christelike tekens kan hier ook aangewend word.

5.3 Simpatie vs. Empatie vs. Interpatie

Hierdie lewensingesteldhede wat hierbo genoem is, is niks anders as wat Ausgburger(1986:25) beskou as “ the crucial factors to experience empathy for the differentness and willingness to value others’ perspectives alongside one’s own.”

Uit die verstaan van interkulturasie gaan dit hier oor om van binne jouself te beweeg en die ander se wêreld in te tree. Dit gebeur op drie verskillende vlakke, simpatie, empatie en “nuwe” begrip interpatie.

Simpatie is die spontane reaksie tot ‘n ander se emosionele ervaring, wat opbou soos die ander se pyn herinneringe van min of meer dieselfde seer in die verlede opbring(Augsburger,1986:27). Daar word dus ‘n tipe van eenheid gevorm wat verbind is deur hierdie ooreenstemmende seer wat ervaar is.

Vir genesing is daar egter meer nodig as net hierdie simpatetiese eenheid. Empatie is nodig, dit behels, om die ander se gevoelens te deel, nie deur projeksie(soos by simpatie) nie maar deur medelydende aktiewe verbeelding(Augsburger, 1986:27). Augsburger(1986:27) sê verder dat dit ‘n doelbewuste aktiewe reaksie is eerder as die spontane outomatiese reaksie van simpatie, “it is the choice to transpose oneself into another’s experience in self-concious awareness of the others’ consciousness.” Dus gaan dit oor om die uniekheid van self en ander te respekteer en poog om hierdie grense te versterk eerder as om dit te laat verdwyn.

Maar vir ‘n interkulturele en intergodsdienstige benadering moet daar verder beweeg word, daar moet beweeg word na ‘n “interpathic caring that can value and view the world through the experience of one who is distinctly, culturally, and epistemologically other.”(Augsburger, 1986:27)

Lartye(1997:66) haal Augsburger aan wat hierdie term *interpatie* soos volg definieer om aan te toon wat gebeur met empatie wanneer dit kultuurgrense oorsteek.

> *"Interpathy is an intentional cognitive envisioning and affective experiencing of another's thoughts and feelings, even though the thoughts rise from another process of knowing, the values grow from another frame of moral reasoning and the feeling spring from another basis of assumptions"*

Dit beteken om vir eers jou eie waardes en normes eenkant te skyf en tydelik 'n ander wêreld van waardes en normes in te tree en jou eie te maak.

Augsburger(1986:31) sluit sy bespreking van simpatie, empatie en interpatie af deur die volgende stelling te maak: " In interpathic 'feeling with,' empathy is extended beyond known borders to offer a grace that draws no lines, refuses limits, claims universal humanness as sufficient foundation for joining another in a unique world experience."

5.4 Menslike universaliteit

In aansluiting tot by wat Augsburger sê, is Lartey(1997:66) van opinie dat die enigse manier hoe interpatie kan funksioneer is om menslike universaliteit te erken. Hesselgrave(1984:154) waarsku ons dat dit nie 'n maklike taak is nie, en die volgende moet in gedagte gehou word vir effektiewe Christen kruis-

kulturele[14] berading en hulp- " it depends upon the ability to correctly identify and interpret universal, group-specific, and idiosyncratic factors which both counselors and counselees bring to the counseling situation"

Hesselgrave doen in diepte navorsing oor verskillende wetenskappe se navorsing omtrent menslike universele(1984:148-156). Die navorser gaan hier net die kern van sy navorsing weergee. Studies in antropologie dui op universele soos, biologiese behoeftes, persepsie, taal, kognitiwiteit, seks tipering, waardes en moraliteit en psigopatologie. Studies in gedrags wetenskap dui in die rigting van "psychic unity" onder mense eerder as die biologiese eenheid.

Hesselgrave(1984:153-154) kom dan tot die punt dat daar dan drie basiese hoof universele is nl. biologiese, psigologiese, en sosio-kulturele ooreenkomste deel wat verband hou met die nood om te sorg vir biologiese, psigologiese en spirituele vereistes op 'n gemeenskaplike basis.

5.5 Pastoraat en Spiritualiteit

Die navorser het al in hierdie navorsing aan verskeie temas geraak om te verduidelik hoe belangrik dit is om vanuit 'n ander denkraamwerk te beweeg om pastoraat op interkulturele en intergodsdienstge vlak te doen. Daar is egter nog een tema wat bespreek moet word nl. Die verband tussen pastoraat en spiritualiteit.

[14] Alhoewel Hesselgrave die term kruis-kultureel gebruik, wat tog 'n ander benadering is as interkultureel, tel dit wat hy hier sê ook vir ander tipe benaderings van pastoraat, soos die navorser doen in hierdie navorsing.

5.5.1 Holistiese Spiritualiteit

Thayer(1985:54) gebruik Paul Tillich se definisie van spiritualiteit nl. "the actualization of power and meaning in unity". Dit beteken dat 'n persoon se spiritualiteit sal gereflekteer en uitgedruk word in sekere simbole waarna die persoon toe getrek word en benut in die persoon se geloofs uitdrukking en selfverstaan.

Thayer haal vir Urban T. Holmes aan wat 'n vyf punt defenisie van spiritualiteit weergee: "(1) a human capacity for relationship (2) with that which transcends sense phenomena; this relationship (3) is perceived by the subject as an expanded or heigtened consciousness independent of the subject's efforts, (4) gives substance in the historical setting, and (5) exhibits itself in creative actions in the world."

Die bogenoemde definisie kan baie eenvoudig soos volg gestel word: "Spiritualiteit het te doen met daardie ontmoeting tussen God en mens waarbinne mense so geboei en gefassineer word deur die trou van God dat hulle anders begin leef en doen"(Louw,2005:134). Hierdie is egter ook waar vir spiritualiteit in 'n Afrika konteks. Geen persoon, maak nie saak van wat hul oorspronklike tradisie of godsdiens is nie, kan dieselfde voortlewe wanneer daar 'n lewende ontmoeting met God was nie.

Spiritualiteit is 'n konstante proses en nie iets wat mens bereik nie. Louw (2005:136) haal Henri Nouwen aan wat spirituele groei bespreek as die

beweging vanaf eensaamheid na “solitude”; vanaf vyandigheid na gasvryheid; vanaf illusie na toewyding en ‘n omhelsing van genade.

Spiritualiteit kom voor in alle kulture en godsdienste en daar is basiese ooreenkomste tussen almal. Alhoewel daar ook verskillende spiritualiteite is moet ons egter erken dat die basiese beginsels daarvan ook ooreenstem.

Louw(2005:140) noem hierdie ooreenkomste, deugde en hieronder val die volgende: Liefdadigheid en barmhartigheid, medelye, geduld, betroubaarheid/ nederigheid, trou, deursettingsvermoë/ moed, matigheid/ selfbeheersing, beliggaming en fisieke gesondheid.

5.6 Opsomming

Die navorser maak dit duidelik dat pastorale bedieninge wat kultuur grense oorsteek nie dieselfde gedoen kan word as in ander omstandigehede nie. Daar is verwys na die belangrikheid wat sosiale omstandighede het, dat die Afrika-mens hegte gemeenskaplike bande het en nie soos die westerse mens individualities lewe nie. Daar is ook verwys na die terme simpatie, empatie en interpatie as metodes om medelydend te wees. Interpatie word verkies omdat dit meer gefokus is op die wedersyds poging na genesing anders gestel beteken dit om “jouself binne die skoene van die ander persoon te plaas.”

In die laaste gedeelte het die navorser spiritualiteit bespreek om te kan verstaan hoe spiritualiteit ook ‘n rol speel binne ‘n Afrika konteks. Vanuit ‘n Christelike perspektief van pastoraat en spiritualiteit is die doel nie net om

genesing na vore te bring nie maar om die afrikaan deur hierdie proses na verlossing en versoeing met God te bring. Die mens, as verhoudingswese met God, is immers die fokus van Christelike pastoraat en spiritualiteit .

Hoofstuk 6

6.1 Gevolgtrekking

Die navorser het in hierdie navorsing ‘n pastorale bediening vir die Getuieniswerker in ‘n inter-kulturele en inter-godsdienstige konteks ondersoek. Hy het dit vanuit ‘n missiologiese benadering ondersoek om aan te toon hoe die geskiedenis van getuieniswerk ‘n invloed het op getuieniswerk vandag en die implikasies daarvan op pastorale bediening. Die navorser het gefokus op Afrika as konteks vir hierdie studie omdat die kontinent gekenmerk is vir die diversiteit in kulture, godsdienste en tradisies.

Om kultuur te verstaan gebruik die navorser Daniel Louw(1999:104) se definisie: “Onder kultuur word verstaan die eiesoortige denk-, ervarings- en handelingswêreld van mense binne ‘n bepaalde groep of groepe. Binne kultuur speel geografiese, etniese, ras- en taalfaktore beslis ‘n rol. Tog is kultuur ‘n breër term wat verwys na daardie simbole en rituele waarbinne die eiesoortige belewingswêreld van groepe van mense uitgedruk word en wat insig bied in die lewens- en wereldbeskouing van ‘n spesifieke sosiale konteks”. Hieruit kan gesien word hoe, in ‘n Afrika konteks, dit uiters belangrik is om ‘n persoon se kultuur in ag te neem en te verstaan in ‘n pastorale situasie.

Afrika het baie verskillende godsdienste maar daar is veral in die navorsing gefokus op die Afrika Onafhanklike kerk. Die kerk se oorsprong kom van die koloniale tydperk af maar word gekenmerk deur hulle onafhanklikheid van die

moederkerke. Die Afrika Onafhanklike kerk se teologie is grootliks die van ‘n Afrika teologie. Afrika teologie se inisiatief kom vanuit die groter beweging van bevrydings teologie wat in Noord Amerika vlam gevat het. Afrika teologie is egter baie meer as net dit, hulle fokus baie op die integrering van tradisionele tradisies en wereldbeelde. Hieronder is die Voorvader verering gebruik ter uitbeelding van so ‘n tipe tradisie wat in Afrika voorkom.

Die navorser het in sy hipotese genoem dat daar na ‘n holistiese metode van getuieniswerk gekyk gaan word. Daar is dus kortliks bespreek oor die geskiedenis van getuieniswerk veral in Afrika en die impak op die mense in Afrika. Daar is gevind dat die Afrikaan ‘n baie negatiewe beeld ontwikkel het van Christenskap asook die identiteit van “wit” persone a.g.v. die metodes wat gevolg was. Die navorser het toe aangedui dat getuieniswerk baie verander het en vandag op ‘n interkulturele manier plaasvind. Verder is daar ook angedui hoe belangrik dit is dat pastoraat deel is van getuieniswerk.

Onder pastorale sorg word die volgende verstaan: “ Pastoral counseling is a liberating and healing ministry of the faith community that is based on a relationship between a pastor with counseling skills and a family or person who come together to engage in conversation and interaction. The relationship is a dynamic process of caring and exploration, with a definite structure and mutually contracted goals, and occurs within the tradition, beliefs, and resources of the faith community that surrounds and supports them.” (Augsburger,1986:15)

Ons sien dus dat pastorale sorg binne ‘n geloofsgemeenskap plaas vind. Dit behels dat God die fokus is en genesing die uiteindelike doel is wat na versoening met God lei. Binne ‘n Afrika konteks sien ons, in aansluiting by getuieniswerk, dat dit op ‘n interkulturele manier moet plaasvind. Dit behels dat daar gebruik gemaak moet word van ‘n interpatiese benadering. Wat hiermee bedoel word is dat pastorale bediener kreatief, aktief, medelydend en betrokke in die situasie van die ander moet intree. Dus kom die partye mekaar tegemoet op gelyke, maar ook unieke vlak. Elkeen het hul eie ervaring en emosie van ‘n gebeurtenis maar kan met mekaar op ‘n oop, egte vlak assosieer. Dus vind ons dat so ‘n model nie net een rigting is nie maar twee rigting.

Hierdie metode vra egter nie van die pastorale bediener om sy/haar eie tradisie en identiteit te verwerp en die tradisie en identiteit van die ander aan te neem nie. Dit vra ‘n tydelike aanneming om die konteks waaruit die ander kom te verstaan en te respekteer. Die navorser is verder van opinie dat hierdie interkulturele metode van pastoraat nie net benader moet word van die bediener se kant af nie maar ook die ontvanger. Albei partye moet bereid wees om binne die ander se konteks in te tree om sukses vol te kan wees.

Bibliografie

Abraham, K.C. & Mbuy-beya, B. 1994. *Spirituality of the Third World: a cry for Life*. New York: Orbisbooks (64 - 76; 173 - 181)

Augsburger, D.W. 1986. Pastoral counseling across cultures. Philadelphia: The Westminister Press

Bolt, R. 1986. *The Mission.* Auckland: Penguin Books

Bosch, D.J. 1999. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbisbooks

Bujo, B. 1992. *Faith and Cultures series: African Theology in its social context*. New York:Orbisbooks

Fahlbusch, E. (et al). 1999. African Theology. *The Ebcyclopedia of Christianity.* 31

Hesselgrave, D.J. 1984. *Couseling Cross-Culturally: an Introduction to Theory & Practice for Christians.* Michigan: Baker Book House

Kiriswa, B. 2002. P*astoral counselling in Afrika: An integrated model.* Kenya: Eldoret

Kretzschmar, L. 1996. A Holistic Spirituality: *Journal of Theology for*

Southern Africa, no.95:36 – 83, July

Lartey, E.Y.1997. *In living colour: An intercultural approach to pastoral care and counselling.* London: Cassell

Lartey, E.Y.2003. *In living colour: An intercultural approach to pastoral care and counselling, Second edition.* London: Cassell

Louw, D.J 1999. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Stellenbosch: Lux Verbi.B.M

Louw, D.J 2005. *Ratwerke van die menslike siel: oor volwassenheid en lewensvaardighede*. Stellenbosch: Sun Press

Mugambi, J.N.K. & Magesa, L. 1990. *The church in African Christianity: Innovative essays in Ecclesiology.* Kenia: Inititiatives Ltd

Tanner, K. 1997. *The modern meaning of culture* in *Theories of culture, a new agenda for theology*. Minneapolis: Minneapolis Augsburg Press

Thayer, N.S.T 1985. *Spirituality and pastoral care.* Philadelphia: Fortress Press

Thomas, N. 1995.*Readings in World Mission*.Londen:SPCK

Waruta, D.W & Kinoti, H.W. 2000: *Pastoral care in African Christianity:*

Challenging essays in pastoral theology. Nairobi: Acton Publishers

White, R.E.O. 1976. *A guide to pastoral care: a practical primer of pastoral theology.* London: Pickering & Inglis LTD